Walvis Bay—*Walvisbaai*.....	327,390	181,631	981,642	780,124
Luderitz.....	2,472	691	53,691	59,311
TOTAL OVERSEAS—TOTAAL OORSEE.....	329,862	182,322	1,035,333	839,435
From Union of South Africa—*Van Unie van Suid-Afrika*.....	1,208,817	779,934	4,141,316	2,671,856
From Southern and Northern Rhodesia—*Van Suid- en Noord-Rhodesië*.....	8,534	3,430	27,008	15,766
GRAND TOTAL—GROOTTOTAAL.....	£1,547,213	£965,686	£5,203,657	£3,527,057
SOUTH WEST AFRICA EXPORTS.—SUIDWES-AFRIKA UITVOER.				
OVERSEAS.—OORSEE.				
Diamonds—*Diamante*.....	729,671	549,914	3,766,829	2,002,661
Other Merchandise—*Ander koopware*.....	1,161,636	528,351	3,979,934	2,349,431
TOTAL OVERSEAS—TOTAAL OORSEE.....	1,891,307	1,078,265	7,746,763	4,352,092
To Union of South Africa—*Na die Unie van Suid-Afrika*.....	703,972	299,315	2,217,790	1,048,702
GRAND TOTAL—GROOTTOTAAL.....	£2,595,279	£1,377,580	£9,964,553	£5,400,794

* Includes specie not of South African minting.—*Sluit in spesie nie in Suid-Afrika geslaan nie.*

✱ No. 1440.] [15 June 1951.

3 PER CENT. LOCAL REGISTERED STOCK, 1958/65.—STOCK CERTIFICATE No. 1788 FOR £10 ISSUED IN FAVOUR OF MISS D. F. VIALL.

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock, the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice, a duplicate, as applied for, will be issued.

✱ No. 1440.] [15 Junie 1951.

PLAASLIK GEREGISTREERDE EFFEKTE VAN 3 PERSENT, 1958/65.—EFFEKTE SERTIFIKAAT No. 1788 VIR £10 UITGEREIK TEN GUNSTE VAN MEJUFFROU D. F. VIALL.

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor is of weggeraak het, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing af by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

✱ No. 1446.] [15 June 1951.

CUSTOMS ACT, No. 35 OF 1944.—APPOINTMENT OF ENTRANCES TO AND EXITS FROM DOCK OR WHARF AREAS.

It is hereby notified for general information that under and by virtue of the powers conferred upon him by section *nineteen* of the Customs Act, No. 35 of 1944, the Commissioner of Customs and Excise has approved of the amendment of Government Notice No. 900 of the 5th June, 1944, as amended by Government Notice No. 1521 of the 23rd July, 1948, by the deletion of the following entrances and exits from the list of entrances and exits appearing under the heading "Cape Town" in Schedule No. 3:—

"GENERAL.

5. Misplon Gate.

SPECIAL.

3. Misplon Gate—for railway traffic only—to be locked when not in use."

✱ No. 1446.] [15 Junie 1951.

DOEANEWET, No. 35 VAN 1944.—AANWYSING VAN IN- EN UITGANGE NA OF VAN DOK- OF LANDINGSTERREINE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane en Aksyns kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *negentien* van die Doeanewet, No. 35 van 1944, sy goedkeuring geheg het aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 900 van 5 Junie 1944, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1521 van 23 Julie 1948, deur die skrapping van die volgende in- en uitgange van die lys van in- en uitgange wat onder die opskrif „Kaapstad" in Bylae No. 3 verskyn:—

„ALGEMEEN.

5. Misplon-hek.

SPESIAAL.

3. Misplon-hek—alleen vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie."

✱ No. 1454.] [15 June, 1951.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 1st day of June, 1951.

LIABILITIES.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,419,577	17	3
Notes in Circulation	77,561,773	15	0
Deposits:			
(*a*) Government	46,284,614	0	2
(*b*) Bankers	46,115,135	10	11
(*c*) Other	8,770,290	14	6
Bills Payable	—		
Other Liabilities	15,030,860	9	5
	£197,182,252	7	3

ASSETS.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £11,314,014. 16s. 5d. held outside Union	74,358,368	19	10
Subsidiary Coin	239,927	11	11
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	2,075,011	17	3
(*b*) Foreign	93,283,314	11	4
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	3,251,735	12	5
Government Securities	18,168,215	19	2
Other Securities	225,074	0	0
Other Assets	5,580,603	15	4
	£197,182,252	7	3

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 80·0 per cent.

Signed, this 6th day of June, 1951.

L. J. COCKHEAD, Chief Cashier.

✱ No. 1454.] [15 Junie 1951.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 1ste dag van Junie 1951.

LASTE.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,419,577	17	3
Note in omloop	77,561,773	15	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	46,284,614	0	2
(*b*) Bankiers	46,115,135	10	11
(*c*) Andere	8,770,290	14	6
Wissels te betaal	—		
Ander laste	15,030,860	9	5
	£197,182,252	7	3

BATES.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons.) waarvan £11,314,014. 16s. 5d. buite die Unie gehou word	74,358,368	19	10
Pasmunt	239,927	11	11
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	2,075,011	17	3
(*b*) Buitelandse	93,283,314	11	4
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	3,251,735	12	5
Regeringsekuriteite	18,168,215	19	2
Ander Sekuriteite	225,074	0	0
Ander Bates	5,580,603	15	4
	£197,182,252	7	3

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 80·0 persent.

Geteken, die 6de dag van Junie 1951.

L. J. COCKHEAD, Hoofkassier.

✱ No. 1455.] [15 June, 1951.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 31st day of May, 1951.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,419,577	17	3
Notes in Circulation	77,560,871	10	0
Deposits:			
(*a*) Government	48,456,368	2	9
(*b*) Bankers	45,262,543	10	4
(*c*) Other	9,343,477	1	8
Bills Payable	—		
Other Liabilities	14,401,017	7	7
	£198,443,855	9	7

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £11,314,014. 16s. 5d. held outside Union	74,371,353	10	7
Subsidiary Coin	238,931	17	6
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	2,101,540	11	0
(*b*) Foreign	93,283,477	6	9
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	3,321,339	1	1
Government Securities	18,168,215	19	2
Other Securities	225,074	0	0
Other Assets	6,733,923	3	6
	£198,443,855	9	7

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 79·9 per cent.

Signed, this 6th day of June, 1951.

L. J. COCKHEAD, Chief Cashier.

✱ No. 1455.] [15 Junie 1951.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944 van die Laste en Bates op die 31ste dag van Mei 1951.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,419,577	17	3
Note in omloop	77,560,871	10	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	48,456,368	2	9
(*b*) Bankiers	45,262,543	10	4
(*c*) Andere	9,343,477	1	8
Wissels te betaal	—		
Ander laste	14,401,017	7	7
	£198,443,855	9	7

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons.) waarvan £11,314,014. 16s. 5d. buite die Unie gehou word	74,371,353	10	7
Pasmunt	238,931	17	6
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	2,101,540	11	0
(*b*) Buitelandse	93,283,477	6	9
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	3,321,339	1	1
Regeringsekuriteite	18,168,215	19	2
Ander Sekuriteite	225,074	0	0
Ander Bates	6,733,923	3	6
	£198,443,855	9	7

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 79·9 persent.

Geteken die 6de dag van Junie, 1951.

L. J. COCKHEAD, Hoofkassier.

✱ No. 1466.] [15 June 1951.

It is hereby notified for general information that Mr. B. J. C. de Lange and Mr. F. N. Gaskin have accepted appointment for voluntary service on the Transkei Thrift Committee at Umtata.

✱ No. 1467.] [15 June 1951.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the 3 Per Cent. Local Registered Stock, 1955, and the 3½ Per Cent. Local Registered Stock, 1962/65, will be closed from the 1st July, 1951, to the 1st August, 1951, both days inclusive, and that the dividends due on the 1st August, 1951, will be paid to the stockholders registered at the date of closing of the Transfer Books.

DEPARTMENT OF IRRIGATION.

✱ No. 1435.] [15 June 1951.

PROPOSED ASHTON IRRIGATION DISTRICT, DIVISIONS OF ROBERTSON AND MONTAGU, CAPE PROVINCE.—STATUTORY INQUIRY.

In terms of sub-section (1) of section *eighty* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, it is hereby notified for general information that a petition signed by Mr. S. F. Conradie and others, owners of properties riparian to the Breede River, in the Divisions of

✱ No. 1466.] [15 Junie 1951.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat mnr. B. J. C. de Lange en mnr. F. N. Gaskin die aanstelling vir vrywillige diens in die Transkei-spaarsaamheidskomitee te Umtata aangeneem het.

✱ No. 1467.] [15 Junie 1951.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van die Plaaslik Geregistreerde Effekte van 3 Persent, 1955, en die Plaaslik Geregistreerde Effekte van 3½ Persent, 1962/65, van 1 Julie 1951 tot en met 1 Augustus 1951 gesluit sal wees en dat die diwidende betaalbaar op 1 Augustus 1951, aan die effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

DEPARTEMENT VAN BESPROEIING.

✱ No. 1435.] [15 Junie 1951.

VOORGESTELDE BESPROEIINGSDISTRIK ASHTON, AFDELINGS ROBERTSON EN MONTAGU, KAAPPROVINSIE: WETLIK VOORGESKREWE ONDERSOEK.

Hierby word ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *tagtig* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, vir algemene inligting bekendgemaak dat 'n versoekskrif onderteken deur mnr. S. F. Conradie en andere, eienaars van oewerplase aan die Breërivier in die afdelings Robertson en Montagu, Kaapprovinsie, aan

Robertson and Montagu, Cape Province, has been submitted to the Minister of Irrigation praying that an area of approximately 7,600 morgen bounded as follows:—

From the most southerly beacon of the farm Kliphoogte (R.1.20) in an easterly direction along the boundary of the Breede River (Robertson) Irrigation District as defined by Proclamation No. 80 of 1931 to the most southerly beacon of Portion 2 of Zandvliet (1879.19.384); thence along the south-western boundary of the last-mentioned portion of the farm Zandvliet to the point of intersection of the prolongation of this boundary with the Cogmanskloof River; thence along the middle of the Cogmanskloof River to the point of intersection of the prolongation of the existing Breede River (Robertson) Irrigation Board Canal with the river; thence along the left bank of the last-mentioned canal to the point where it meets the Western boundary of the original farm Goedemoed (R.4. 10); thence along the boundary of the last-mentioned farm to the point of commencement; including also the following farms or portions of farms:—

(*a*) Portion II of Rietvallei aan de Klaas Voogds River (1898.94.7244);
(*b*) Amended Title of portion of Rietvallei aan de Klaas Voogds River, Wagensdrift (R.4.9);
(*c*) Goree (R.1.12);
(*d*) Goree (S.W. 16.37);
(*e*) the area bounded on the south-west by the North-eastern boundary of Zandvliet (S.W.13. 31) on the east by the Western boundary of Goree (S.W. 16.37), and on the west by the eastern boundary of Goree (R.1.12);

be constituted an irrigation district within the meaning of the said Act.

It is further notified, in accordance with sub-section (2) of the aforesaid section that an enquiry into the subject matter of the petition will be held in the Court Room at Ashton, at 2 p.m. on Wednesday, 11th July, 1951, by officers of the Irrigation Department who will hear the evidence for or against the proposal.

All persons interested are hereby notified that the enquiry will also be held for the purpose of recording votes for or against the proposal, as it is necessary in terms of sub-section (4) of the said section *eighty* that the owners of not less than two-thirds of the toal extent of the irrigable area wihin the proposed disrict are in favour of the proposal before the petition may be granted. Any person who cannot be present may, in writing, delegate any person to vote on his behalf at the enquiry.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

✱ No. 1428.] [15 June 1951.

His Excellency the Governor-General has been pleased, by virtue of the powers in him vested by sub-section (1) of section *six* of the Prisons and Reformatories Act, No. 13 of 1911, to appoint the undermentioned persons as Assistant Superintendents of Prisons, in each case with a salary at the rate of £660 per annum on the scale £660 × £30—£780, with effect from the 4th April, 1951:—

(1) Christoffel du Toit.
(2) Stephanus Lourens Jacobus Jacobs.

✱ No. 1463.] [15 June 1951.

APPOINTMENTS AS COMMISSIONERS OF OATHS.

In terms of sub-section (1) of section *six* of Act No. 16 of 1914, as amended, it is hereby notified that the Minister of Justice has appointed (*a*) the persons mentioned in Part I of the following Schedule to be Commis-

die Minister van Besproeiing voorgelê is waarin gevra word dat 'n gebied, ongeveer 7,600 morg groot en as volg begrens:—

Van die suidelikste baken van die plaas Kliphoogte (R.1.20) in 'n oostelike rigting langs die grens van die besproeiingsdistrik Breërivier (Robertson) soos by Proklamasie No. 80 van 1931 bepaal, tot by die suidelikste baken van Deel 2 van Zandvliet (1879. 19.384); vandaar langs die suidwestelike grens van laasgenoemde deel van die plaas Zandvliet tot waar die verlenging van hierdie grenslyn die Kogmanskloofrivier kruis; vandaar in die middel van die Kogmanskloofrivier langs tot waar 'n verlenging van die bestaande kanaal van die Besproeiingsraad Breërivier (Robertson) by die rivier aansluit; vandaar met die linkeroewer van laasgenoemde kanaal langs tot waar hy die westelike grens van die oorspronklike plaas Goedemoed (R.4. 10) bereik en vandaar met die grens van laasgenoemde plaas langs tot by die aanvangspunt, om ook die volgende plase of dele van plase in te sluit:—

(*a*) Deel II van Rietvallei aan de Klaas Voogds Rivier (1898.94.7244).
(*b*) Gewysigde grondbrief ten opsigte van deel van Rietvallei aan de Klaas Voogds Rivier, Wagendrift (R.4.9).
(*c*) Goree (R.1.12).
(*d*) Goree (S.W. 16.37).
(*e*) Die oppervlakte wat in die suidweste deur die noordoostelike grens van Zandvliet (S.W. 13. 31), in die ooste deur die westelike grens van Goree (S.W. 16.37) en in die weste deur die oostelike grens van Goree (R. 1.12) begrens word; tot 'n

besproeiingsdistrik ooreenkomstig die betekenis van genoemde Wet verklaar moet word.

Verder word ooreenkomstig subartikel (2) van voornoemde artikel bekendgemaak dat daar om 2 nm. op Woensdag, 11 Julie 1951, in die hofsaal te Ashton 'n ondersoek in verband met die onderwerp van die versoekskrif ingestel sal word deur amptenare van die Besproeiingsdepartement wat getuienis ten gunste van of teen die voorstel sal hoor.

Alle belanghebbendes word hierby in kennis gestel dat die ondersoek ook ingestel word met die doel om stemme ten gunste van of teen die voorstel op te neem, aangesien subartikel (4) van genoemde artikel *tagtig* vereis dat die eienaars van minstens twee-derdes van die totale oppervlakte van die besproeibare grond in die voorgestelde distrik ten gunste van die voorstel moet verklaar alvorens die versoek toegestaan kan word. Iemand wat nie teenwoordig kan wees nie, kan enigeen skriftelik magtig om by die ondersoek namens hom te stem.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

✱ No. 1428.] [15 Junie 1951.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *ses* van die Wet op Gevangenisse en Verbetergestichten, No. 13 van 1911, ondergenoemde persone met ingang van 4 April 1951 as Assistent-bestuurders van Gevangenisse, in elke geval met 'n salaris van £660 per jaar volgens die salarisskaal £660 × £30—£780 aan te stel:—

(1) Christoffel du Toit.
(2) Stephanus Lourens Jacobus Jacobs.

✱ No. 1463.] [15 Junie 1951.

AANSTELLING AS KOMMISSARISSE VAN EDE.

Hierby word ingevolge subartikel (1) van artikel *ses* van Wet No. 16 van 1914, soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Justisie (*a*) die persone genoem in Deel I van onderstaande Bylae, vir solank dit hom behaag,

sioners of Oaths, during pleasure, for the area set opposite their names and (*b*) the persons mentioned in Part II of the Schedule referred to, to be Commissioners of Oaths for the period and area set opposite their names.

SCHEDULE.

PART I.

Name.	*Address.*	*Area.*
Pieter Cornelis Ackermann	Witkop, P.O. Lindequesdrif	District of Potchefstroom.
Pieter Wilhelmus Beytell	Victoriaweg, P.O. Marnitz.	District of Potgietersrus.
David Willem de Villiers	Parsonage, P.O. Mossel Bay	District of Mossel Bay.
John Christian Michael Els	32 Van Ryneveld Street, The Strand	District of Somerset West.
Suliman Mahomed Gangat	Patterson Street, Weenen..	District of Weenen.
Gysbertus Johannes Goosen	48 First Avenue, Elsie's River	District of Bellville.
Pieter Willem Jordaan	Mooikloof, P.O. Swartwater	District of Potgietersrust.
Jacobus Lourens Caolus Meyer	Alexanderfontein, P.B. 609, Potgietersrus.	District of Potgietersrus.
Hermanus Johannes Nel	Klein Denteren, P.O. Janseput	District of Potgietersrus.
Henry William Renecke	2 Victoria Street, Port Elizabeth	District of Port Elizabeth.
Reginald Ernest Hodgman Smith	Lot No. 1006, P.O. Henley-on-Klip	District of Vereeniging.
Petrus Johannes Smartryk Steenkamp	Cairo, P.O. Tolwe, via Potgietersrus	District of Potgietersrus.
Sidney Mortimore Tatham	15 Forest Drive, Pinelands *Business Address*: c/o Messrs. David Tenant & Brown, 52 St. George's Street, Cape Town.	District of the Cape.
Frederik Hendrik Bernardus van Eyk	Berg-en-Dalen, P.O Swartwater	District of Potgietersrus.
Jacobus Johannes Wilken	St. Issy, P.B. 643, Potgietersrus	District of Potgietersrus.
Andries Pieter Zeeman	Riversdale, P.O. Maasstroom	District of Potgietersrus.

PART II.

Name.	*Period.*	*Area.*
Christiaan Hendrik Boshoff Cronje	Whilst Principal Clerk in the office of the Workmen's Compensation Commissioner, Department of Labour Pretoria	The Union.
James Harold Graham	Whilst Mine Secretary of the Phoenix Colliery, Limited, P.O. Coalville	District of Witbank.
Charles Arthur Hignett	Whilst Native Welfare Officer, c/o Native Administration Department, 132 Ordnance Road, Durban	District of Durban.
Nicholas Cornelius Stephanus Jonck	Whilst Provincial Superintendent of the Standard General Insurance Company, Port Elizabeth	District of Port Elizabeth.
Frederick Hildreth Ledger	Whilst Secretary of the Port Elizabeth Branch of the South African Typographical Union	Districts of Port Elizabeth, Uitenhage, Grahamstown and Humansdorp.
Jan Harm Schutte	Whilst Supervisor of Machinery, Transvaal Ore Company, Limited, Phalabora, P.O. Mica	District of Letaba.
Charles Eli Smith	Whilst National Secretary for South Africa of the South African War Veterans' Association	District of Durban.
Christiaan Rudolf van der Merwe	Whilst Accountant of the Moorreesburg Branch of the South African National Trust and Assurance Company, Limited, Moorreesburg	District of Malmesbury.

as Kommissarisse van Ede aangestel het vir die gebiede teenoor hul name genoem, en (*b*) die persone genoem in Deel II van die Bylae, as Kommissarisse van Ede aangestel het vir die tydperke en gebiede teenoor hul name gemeld.

BYLAE.

DEEL I.

Naam.	*Adres.*	*Gebied.*
Pieter Cornelis Ackermann	Witkop, Pk. Lindequesdrif	Distrik Potchefstroom.
Pieter Wilhelmus Beytell	Victoriaweg, Pk. Marnitz	Distrik Potgietersrus.
David Willam de Villiers	Die Pastorie, Pk. Mosselbaai.	Distrik Mosselbaai.
John Christian Micael Els	Vanryneveldstraat 32, Die Strand	Distrik Somerset-Wes.
Suliman Mahomed Gangat	Pattersonstraat, Weenen	Distrik Weenen.
Gysbertus Johannes Goosen	Eerstelaan 48, Elsiesrivier	Distrik Bellville.
Pieter Willem Jordaan	Mooikloof, Pk. Swartwater	Distrik Potgietersrus.
Jacobus Lourens Carolus Meyer	Alexanderfontein, Ps. 609, Potgietersrus	Distrik Potgietersrus.
Hermanus Johannes Nel	Klein Denteren, Pk. Janseput	Distrik Potgietersrus.
Henry William Renecke	Victoriastraat 2, Port Elizabeth	Distrik Port Elizabeth.
Reginald Ernest Hodgman Smith	Perseel No. 1006, Pk. Henley-on-Klip	Distrik Vereeniging
Petrus Johannes Smartryk Steenkamp	Cairo, Pk. Tolwe, oor Potgietersrus	Distrik Potgietersrus.
Sidney Mortimore Tatham	Forest-rylaan 15, Pinelands *Besigheidsadres:* p/a Die firma David Tenant & Brown, St. Georgesstraat 52, Kaapstad.	Distrik Die Kaap.
Frederik Hendrik Bernardus van Eyk	Berg-en-Dalen, Pk. Swartwater	Distrik Potgietersrus.
Jacobus Johannes Wilken	St. Issy, Ps. 643, Potgietersrus	Distrik Potgietersrus.
Andries Pieter Zeeman	Riversdale, Pk. Maasstroom	Distrik Potgietersrus.

DEEL II.

Naam.	*Tydperk.*	*Gebied.*
Christiaan Hendrik Boshoff Cronje	Terwyl hy Eersteklerk in die kantoor van die Ongevallekommissaris, Departement van Arbeid, Pretoria, is	Die Unie.
James Harold Graham	Solank hy Mynsekretaris, Phoenix Colliery, Limited, Pk. Coalville, is	Distrik Witbank.
Charles Arthur Hignett	Solank hy Naturellewelsynsbeampte, p/a Naturelleadministrasiedepartement, Ordnanceweg 132, Durban, is	Distrik Durban.
Nicholas Cornelius Stephanus Jonck	Solank hy Provinsiale Superintendent van die Standard General Insurance Company, Port Elizabeth, is	Distrik Port Elizabeth.
Frederick Hildreth Ledger	Solank hy Sekretaris van die Port Elizabethse tak van die South African Typographical Union is	Distrikte Port Elizabeth, Grahamstad en Humansdorp.
Jan Harm Schutte	Solank hy Opsigter van Masjienerie, Transvaal Ore Company, Limited, Phalabora, Pk. Mica, is	Distrik Letaba.
Charles Eli Smith	Solank hy Nasionale Sekretaris, vir Suid-Afrika, van die Suid-Afrikaanse Oudvrywilligersvereniging is	Distrik Durban.
Christiaan Rudolph van der Merwe	Solank hy Rekenmeester van die Moorreesburgse tak van die Suid-Afrikaanse Nasionale Trust en Assuransiemaatskappy, Moorreesburg, is	Distrik Malmesbury.

✱ No. 1464.] [15 June 1951.

BREWING OF KAFFIR BEER.—AFRICAN AND EUROPEAN INVESTMENT COMPANY, LIMITED.

Under section *one hundred and twenty-seven* (1) of the Liquor Act, No. 30 of 1928, I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice for the Union of South Africa, do hereby authorise the brewing and consumption on the premises of the African and European Investment Company, Limited, specified in the Schedule hereunder, of reasonable quantities of kaffir beer not exceeding four pints per employee per week to be supplied gratis by the said Company to its native and coloured employees, such brewing and consumption to take place under the supervision of a reasonable European male person.

SCHEDULE.

(*a*) Springfield Collieries, Limited, Grootvlei Section, District of Heidelberg (Transvaal).
(*b*) Schoongezicht Colliery—New Section, Blesbok Colliery, Limited, and Springbok Colliery, Limited, District of Middelburg (Transvaal).
(*c*) Munnik Myburgh Chrysotile Asbestos, Limited, District of Nelspruit.
(*d*) Cornelia Colliery and Springfield Collieries, Limited —Redan Section, District of Vereeniging.
(*e*) Vierfontein Colliery, District of Bothaville.

C. R. SWART,
Minister of Justice.

✱ No. 1465.] [15 June 1951.

AMENDMENTS TO RULES FOR THE ADMINISTRATION AND CONTROL OF THE EMERGENCY CAMP FOR NATIVES, BENONI.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of paragraphs (*i*) and (*j*) of regulation 3 of the regulations contained in the Annexure to Proclamation No. 76 of 1944 (War Measure No. 31 of 1944), as amended by Proclamation No. 67 of 1947 (War Measure No. 18 of 1947), to approve of the following amendments to the rules for the administration and control of the Emergency Camp for Natives, Benoni, as promulgated under Government Notice No. 2212 of 1948:—

CHAPTER I.

1. By the deletion of the word "area" in rule 1 and the substitution therefor of the word "areas".
2. By the insertion after the figure "26" in rule 1 of the words "and upon the land indicated by the figure ABCDEFGHJKLM on Surveyor's Diagram S.G. No. 2706/46, copies of which are filed in the office of the Secretary for Native Affairs and of the Town Clerk, Benoni".
3. By the deletion of the figure "10s." in rule 32 and the susbtitution therefor of the figure "15s."
4. By the addition of the following new chapter:—

"CHAPTER IV.

TRADING.

DEFINITIONS.

1. For the purposes of this Chapter of these rules, unless the context indicates otherwise—

'native' means any person who is a member of an aboriginal race or tribe of Africa and shall include a company incorporated and registered under the Companies Act, as amended, the interest wherein is held exclusively by and the control is vested exclusively in natives;

✱ No. 1464.] [15 Junie 1951.

BROU VAN KAFFERBIER.—AFRICAN AND EUROPEAN INVESTMENT COMPANY, LIMITED.

Kragtens artikel *honderd sewe-en-twintig* (1) van die Drankwet, No. 30 van 1928, verleen ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie vir die Unie van Suid-Afrika, hierby magtiging vir die brou en verbruik, op die persele van African and European Investment Company, Limited, wat in die Bylae hieronder gemeld word, van redelike hoeveelhede kafferbier—hoogstens vier pinte per werknemer per week—wat deur gemelde maatskappy gratis aan sy naturelle- en kleurlingwerknemers verskaf moet word; sodanige brou en verbruik moet onder die toesig van 'n verantwoordelike blanke manspersoon geskied.

BYLAE.

(*a*) Springfield Collieries, Limited, Grootvlei Section, distrik Heidelberg (Transvaal).
(*b*) Schoongezicht Colliery—New Section, Blesbok Colliery, Limited en Springbok Colliery, Limited, distrik Middelburg (Transvaal).
(*c*) Munnik Myburgh Chrysotile Asbestos, Limited, distrik Nelspruit.
(*d*) Cornelia Colliery en Springfield Collieries, Limited —Redan Section, distrik Vereeniging.
(*e*) Vierfontein Colliery, distrik Bothaville.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

✱ No. 1465.] [15 Junie 1951.

WYSIGINGS VAN DIE REGULASIES VIR DIE BESTUUR EN BEHEER VAN DIE NOODKAMP VIR NATURELLE.—BENONI.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, ingevolge die bepalings van paragrawe (*i*) en (*j*) van regulasie 3 van die regulasies in die Aanhangsel van Proklamasie No. 76 van 1944 (Oorlogsmaatreël No. 31 van 1944), soos gewysig by Proklamasie No. 67 van 1947 (Oorlogsmaatreël No. 18 van 1947), die volgende wysigings van die regulasies vir die bestuur en beheer van die Noodkamp vir Naturelle, Benoni, soos ingevolge Goewermentskennisgewing No. 2212 van 1948 afgekondig, goed te keur:—

HOOFSTUK I.

1. Deur die woord „gebied" in regulasie 1 te skrap en te vervang deur die woord „gebiede".
2. Deur die volgende woorde na die woord „agtereenvolgens" in regulasie 1 in te voeg:—

„en op die grond soos aangetoon op figuur ABCDEFGHJKLM op Landmeterskaart S.G. No. 2706/46, waarvan afdrukke in die kantoor die Sekretaris van Naturellesake en van die Stadsklerk, Benoni, geliasseer is."

3. Deur die syfer „10s." in regulasie 32 te skrap en te vervang deur die syfer „15s.".
4. Deur die volgende nuwe hoofstuk by te voeg:—

„HOOFSTUK IV.

HANDELDRYF.

WOORDBEPALING.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, het onderstaande uitdrukkings vir die toepassing van hierdie hoofstuk die volgende betekenisse:—

'Naturel' beteken iemand wat tot 'n inboorlingras of -stam van Afrika behoort, en 'n maatskappy met regsbevoegdheid wat ingevolge die Maatskappywet, soos gewysig, geregistreer is en waarvan die belange uitsluitlik deur naturelle gehou word en waarvan die beheer uitsluitlik by naturelle berus, word daarby inbegrepe.

'trader' shall mean any person in respect of whom an application has been granted under this chapter of these rules, whether such application be in respect of a trade, business or occupation;
'trading site' shall mean any approved shop or stall or similar space in a market set aside as such or a place allocated for the purpose in a building provided for such purpose in the camp;
'undertaking' shall mean any trade, business or occupation carried on by a trader on any trading site.

HAWKING AND PEDDLING.

2. No person shall act as a hawker or pedlar or trade or exhibit wares in either capacity in the camp.

PLACES OF TRADE.

3. No person shall carry on any trade, business or occupation in the camp, otherwise than on a trading site or on premises leased by the Council to such person for trade of a specified nature. No site or premises in the camp shall be let for trading or business purposes to any person who is not a native, nor shall any trader employ on any site or premises so let, any non-native.

AUTHORITY TO COMMENCE TRADING.

4. No person shall carry on any trade, business or occupation in the camp, unless authority therefor has been granted to him by the Council, which authority shall specify the trading site whereat such trade, business or occupation is to be carried on; provided, however, that nothing contained herein shall absolve any person from obtaining any licence or other authority which is required by any other law as a condition precedent to the commencement of any such undertaking.

NOTICE INVITING APPLICATIONS.

5. (*a*) Whenever a trading site becomes available or an authority granted under rule 4 of this chapter has been cancelled or a trading site otherwise becomes vacant, a notice inviting applications for authority to trade shall be posted up by the Superintendent at his office.

(*b*) Such notice shall specify a closing date not less than 7 days from the date of posting within which applications shall be lodged.

FORM OF APPLICATION.

6. No application shall be considered unless it is made on a form to be obtained from the Council.

POSTING OF LIST OF APPLICATIONS.

7. As soon as possible after such closing date a list of applicants together with their addresses and the classes of trade, business or occupation proposed to be carried on shall be posted up by the Superintendent at his office and so maintained for a period of not less than 48 hours.

,Handelaar' beteken iemand ten opsigte van wie 'n aansoek ingevolge hierdie hoofstuk van hierdie regulasies toegestaan is, onverskillig of so'n aansoek ten opsigte van 'n bedryf, besigheid of beroep is.
,Handelsterrein' beteken 'n goedgekeurde winkel of kraampie of soortgelyke ruimte op 'n mark wat as sodanige afgesonder is, of 'n plek wat vir die doel toegeken is in 'n gebou wat die Stadsraad met so'n doel in die kamp verskaf het.
,Onderneming' beteken 'n bedryf, besigheid of beroep wat deur 'n handelaar op 'n handelsterrein beoefen word.

VENTERY EN SMOUSERY.

2. Niemand mag as 'n venter of smous optree of in enigeen van hierdie hoedanighede handel dryf of sy ware in die kamp uitstal nie.

HANDELSPLEKKE.

3. Niemand mag elders in die kamp as op 'n handelsterrein of 'n plek wat deur die Stadsraad aan hom vir 'n bedryf van 'n spesifieke aard verhuur is 'n bedryf, besigheid of beroep beoefen nie. Geen terrein of plek in die kamp mag vir handels- of besigheidsdoeleindes aan iemand anders as 'n naturel verhuur word nie, terwyl geen handelaar op 'n terrein of 'n plek wat aldus verhuur word, 'n nienaturel in diens mag hê nie.

MAGTIGING OM HANDEL TE DRYF.

4. Niemand mag 'n bedryf, besigheid of beroep in die kamp beoefen nie, tensy die Stadsraad aan hom magtiging dartoe verleen het waarin die handelsterrein waarop so 'n bedryf, besigheid of beroep beoefen moet word, bepaal word; met dien verstande egter dat geen bepaling hierin vervat iemand daarvan vrystel om 'n lisensie of 'n ander magtiging te verkry wat by enige ander wet vereis word as voorwaardes wat die aanvang van so'n onderneming voorafgaan nie.

KENNISGEWING WAARIN AANSOEKE GEVRA WORD.

5. (*a*) Indien daar 'n handelsterrein beskikbaar word of 'n magtiging ingevolge regulasie 4 van hierdie hoofstuk toegestaan, ingetrek word, of 'n handelsterrein andersins onbeset raak, moet die Superintendent 'n kennisgewing waarin aansoeke om magtiging om handel te drywe, aangevra word, by sy kantoor opplak.

(*b*) So 'n kennisgewing moet 'n sluitingsdatum van minstens sewe dae vanaf die datum waarop dit aangeplak word, aangee, en aansoek moet voor hierdie datum ingedien word.

AANSOEKVORM.

6. Geen aansoek word oorweeg nie, tensy dit op 'n vorm wat van die Stadsraad verkry moet word, gedoen is.

OPPLAK VAN LYS VAN APPLIKANTE.

7. So spoedig moontlik na die sluitingsdatum moet die Superintendent 'n lys van applikante, tesame met hul adresse en die soort bedryf, besigheid of beroep wat elkeen van voorneme is om te beoefen, by sy kantoor opplak en dit daar vir 'n tydperk van minstens 48 uur opgeplak hou.

LODGING OF OBJECTIONS.

8. Within 48 hours of the posting referred to in the preceding rule any member of the Native Advisory Board for the camp or any resident of the camp may lodge with the Superintendent an objection in writing to the grant of authority in respect of any one or more applications appearing on such list. Such written objection shall contain the grounds upon which it is based together with the name and address of the objector.

NOTICE OF HEARING OF APPLICATIONS.

9. (*a*) Upon the expiration of the period for the lodging of objections the Manager shall forward written notice to the address of each applicant and objector of the date on which and the time and place at which the application will be heard.

(*b*) Such notice shall inform the applicant of the matters in respect of which he will be required to give evidence at the hearing before the Manager.

HEARING OF APPLICATION.

10. (*a*) The hearing of each application shall be by a board consisting of the Manager or his deputy and the Superintendent or, in the absence of the latter, such other official of the Council as the Manager may appoint for such purpose.

(*b*) At such hearing the applicant shall adduce evidence in regard to—

(i) his standard of education and ability to read, write and keep records in one or other of the official languages;
(ii) his previous experience in the class of business proposed to be carried on;
(iii) his capital resources and the origin or source thereof;
(iv) his character and business integrity; and
(v) such other information touching and concerning any objection lodged as may be necessary.

(*c*) Any person who has lodged an objection to any application in accordance with the provisions of rule 8 of this chapter shall be entitled to be present during the hearing thereof and to cross-examine any witness called by the applicant, including the applicant himself, and to give and call evidence in support of such objection. The applicant shall have a like right of cross-examination.

(*d*) Members of the Native Advisory Board for the camp shall be entitled to be present during the hearing of any application and where not directly or indirectly pecuniarily interested in any application, may be permitted to ask the parties thereto questions relative to such application.

(*e*) Upon the close of the hearing the board shall prepare a report for submission to the Non-European Affairs Committee of the Council in which it shall make a recommendation regarding the grant or refusal, as the case may be, of such application.

REPORT OF FINDINGS OF BOARD TO COMMITTEE.

11. (*a*) As soon as practicable after the completion of its report by the board, the Manager shall lay such report before the Non-European Affairs Committee of the Council for its decision.

INDIENING VAN BESWARE.

8. Binne agt-en-veertig uur nadat die lys opgeplak is waarvan in die voorafgaande regulasie melding gemaak word, kan 'n lid van die Adviserende Naturelleraad vir die kamp, of 'n inwoner van die kamp, by die Superintendent 'n skriftelike beswaar indien teen die verlening van magtiging ten opsigte van een of meer van die aansoeke wat op so 'n lys verskyn. So'n skriftelike beswaar moet die redes waarop dit gegrond is, tesame met die naam en adres van die beswaarmaker, bevat.

KENNISGEWING VAN AANHORING VAN AANSOEKE.

9. (*a*) Na verstryking van die tydperk waarin besware ingedien moet word, stuur die Bestuurder 'n skriftelike kennisgewing na die adres van elke applikant en beswaarmaker van die datum en tyd waarop en die plek waar die aansoek aangehoor sal word.

(*b*) So 'n kennisgewing moet die applikant verwittig van die sake ten opsigte waarvan dit van hom verlang sal word om getuienis by die aanhoring van aansoeke voor die Bestuurder af te lê."

AANHORING VAN AANSOEKE.

10. (*a*) Die aanhoring van elke aansoek moet deur 'n raad wat uit die Bestuurder of sy plaasvervanger, en die Superintendent of, by afwesigheid van laasgenoemde, 'n ander beampte van die Stadsraad, wat die Bestuurder vir die doel aanstel, waargeneem word.

(*b*) Die applikant moet by so 'n aanhoring getuienis aanvoer met betrekking tot—

(i) sy opvoedkundige standaard en sy vermoë om te lees, te skrywe en in een van die amptelike tale aantekeninge te hou;
(ii) sy vorige ondervinding in die soort besigheid wat hy voornemens is om te dryf;
(iii) sy geldmiddele en die oorsprong of bron daarvan;
(iv) sy karakter en besigheidsintegriteit; en
(v) ander nodige inligting met betrekking tot 'n beswaar wat ingedien is.

(*c*) Iemand wat ooreenkomstig die bepalings van regulasie 8 van hierdie hoofstuk, 'n beswaar teen 'n aansoek ingedien het, is geregtig om tydens die aanhoring daarvan teenwoordig te wees en om 'n getuie wat deur die applikant geroep word, met inbegrip van die applikant self, te kruisvra, en om ter ondersteuning van so 'n beswaar, getuienis af te lê en getuies te roep. Die applikant het dieselfde reg om te kruisvra.

(*d*) Lede van die Adviserende Naturelleraad vir die kamp is geregtig om tydens die aanhoring van 'n aansoek teenwoordig te wees, en indien hulle nie regstreeks of onregstreeks geldelike belang by 'n aansoek het nie, kan hulle toegelaat word om aan die partye daarby betrokke, vrae met betrekking tot die aansoek te stel.

(*e*) Na afloop van die aanhoring van aansoeke moet die raad 'n verslag vir voorlegging aan die Stadsraad se Komitee vir Nie-blankesake opstel, waarin hy 'n aanbeveling moet doen met betrekking tot die toekenning of weiering van die aansoek, na gelang van die geval.

VERSLAG VAN BEVINDINGS VAN RAAD AAN KOMITEE.

11. (*a*) So gou doenlik na die raad sy verslag voltooi het, moet die Bestuurder dit aan die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad voorlê om daaroor te besluit.

(*b*) The grant or refusal to any applicant of authority to carry on any business, trade or occupation in any camp shall, subject to the provisions of rule 3 of this chapter, be at the sole discretion of the Non-European Affairs Committee of the Council.

(*c*) The decision of the Non-European Affairs Committee of the Council shall be notified to each applicant.

TARIFF OF FEES.

12. Every trader shall pay monthly in advance on or before the 7th day of each month, at the office of the Superintendent, such sums by way of rent as are prescribed in Schedule A appended:—

SCHEDULE A.—TARIFF, TRADING.

(*a*) Trading stand, per month: £2.
(*b*) Shops, a monthly rental equal to one-twelfth of 10 per cent. of capital cost.

ADDITIONS AND ALTERATIONS.

Where the tenant requires the Council to make alterations and supply counters, shelving and similar fixtures, an additional £1 per month for every £100 or part thereof that such alterations and/or additions cost the Council, shall be paid.

(All the above to include water, rubbish removal and sanitary services.)

LIMITATION OF TRADER'S INTEREST TO THE AUTHORISED UNDERTAKING.

13. No trader or any partnership in which he has any interest or share shall receive or have any direct or indirect pecuniary interest in any business, trade or occupation carried on in the camp, other than the undertaking in respect of which he or such partnership has obtained authority from the Council.

DISCLOSURE OF INTEREST IN TRADING SITE.

14. Any person who advances money to another to enable such latter person to commence or carry on a trade, business or occupation, or who, not being a trader, acquires or holds any interest whatever in an undertaking carried on, on a trading site, shall forthwith disclose such fact to the Council.

USE OF SITE AND BUILDINGS.

15. No trader shall use or cause or permit to be used any trading site or any buildings or structures thereon for any purpose other than that for which authority was granted under rule 11 of this chapter.

MANAGEMENT.

16. Every trader shall personally manage the undertaking carried on by him, except with the special permission of the Non-European Affairs Committee of the Council for good cause shown.

(*b*) Die toekenning of weiering van magtiging aan 'n applikant om 'n besigheid, bedryf of beroep in 'n kamp te beoefen, berus, onderworpe aan die bepalings van regulasie 3 van hierdie hoofstuk, uitsluitlik by die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad.

(*c*) Elke applikant moet van die beslissing van die Stadsraad se Komitee vir Nie-blankesake verwittig word.

VOORGESKREWE GELDE.

12. Elke handelaar moet maandeliks vooruit, op of voor die sewende dag van elke maand, by die kantoor van die Superintendent 'n bedrag aan huur wat in Bylae A hieronder voorgeskrywe word, betaal:—

BYLAE A.—HANDELDRYF—VOORGESKREWE GELDE.

(*a*) Handelstandplaas per maand: £2.
(*b*) Winkels: 'n Maandelikse huur gelyk aan eentwaalfde van 10 persent van kapitaalkoste.

BYVOEGINGS EN VERANDERINGS.

Indien die huurder verlang dat die Stadsraad veranderings moet aanbring en toonbanke, rakke en soortgelyke vaste uitrusting moet verskaf, moet daar 'n addisionele £1 per maand ten opsigte van elke £100 of gedeelte daarvan wat sodanige veranderings en/of byvoegings die Stadsraad kos, betaal word.

(By al die bogenoemde is watervoorsienings-, vuilgoedverwyderings- en sanitêre dienste inbegrepe.)

BEPERKING VAN 'N HANDELAAR SE BELANG BY GEMAGTIGDE ONDERNEMING.

13. Geen handelaar of 'n vennootskap waarby hy 'n belang of 'n aandeel het, mag 'n regstreekse of onregstreekse geldelike belang by enige besigheid, bedryf of beroep wat in die kamp beoefen word, ontvang of hê nie, behalwe by die onderneming ten opsigte waarvan hy of so'n vennootskap magtiging van die Stadsraad verkry het.

OPENBARING VAN BELANG BY HANDELSTERREIN.

14. Iemand wat aan 'n ander geld voorskiet ten einde laasgenoemde in staat te stel om 'n bedryf, besigheid of beroep te begin of beoefen, of wat, as iemand wat nie 'n handelaar is nie, watter belang ook al by 'n onderneming wat op 'n handelsterrein beoefen word, verkry of hou, moet dit dadelik aan die Stadsraad openbaar.

GEBRUIK VAN TERREIN EN GEBOUE.

15. Geen handelaar mag 'n handelsterrein of 'n gebou of bouwerke daarop vir enige ander doel as die waarvoor magtiging ingevolge regulasie 11 van hierdie hoofstuk verleen word, gebruik of laat gebruik of toelaat dat dit daarvoor gebruik word nie.

BESTUUR.

16. Elke handelaar moet, behalwe met die spesiale toestemming van die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad, na aanvoering van voldoende rede, self die onderneming wat deur hom gedryf word, bestuur.

ERECTION AND ALTERATIONS OF BUILDINGS.

17. (*a*) Except where the Council has erected the necessary buildings, any successful applicant for a site for trading or business purposes shall erect upon the trading or business site the buildings or other structures necessary for his trade or business, but no buildings or structures shall be erected by him on such site otherwise than in accordance with the plans and specifications approved by the Council.

(*b*) No trader shall make any structural alterations to any buildings or fittings on the site occupied by him or place any additional fittings thereon without the written permission of the Council.

CLEANLINESS.

18. Every trader shall take all reasonable steps to ensure that at all times his premises are in a clean and sanitary condition and that all persons employed thereon, including himself, are in a proper state of cleanliness.

KEEPING OF ANIMALS.

19. No trader shall cause or permit to be kept or housed on the trading site any animal other than a cat.

KEEPING OF INFLAMMABLE MATERIAL.

20. No trader shall, without the permission of the Superintendent, cause or permit to be kept or stored inside any building on the trading site any wood or coal, or any paraffin or other inflammable material.

DAMAGE TO SITE OR PREMISES.

21. (*a*) No trader shall cause or permit any damage whatsoever to the trading site or to any buildings or structures erected thereon, including fixtures, furniture and fittings and fencing.

(*b*) Every trader shall be responsible to the Council for such damages and shall take out an insurance policy to its satisfaction to cover such responsibility and cede such policy to it.

PROHIBITION AGAINST SUB-LETTING.

22. No trader shall sub-let his trading site or any building thereon or any portion of such site or building without the written consent of the Council.

DISPOSAL OF TRADING RIGHTS.

23. No trader shall dispose of his trading rights to any person other than a person approved of by the Council.

NOTIFICATION OF DISCONTINUANCE OF TRADE.

24. Where any trader intends to abandon the undertaking carried on by him on any trading site, he shall give reasonable notice of such intention to the Council, which notice shall state the date of abandonment.

OPRIGTING EN VERANDERING VAN GEBOUE.

17. (*a*) Behalwe waar die Stadsraad die nodige geboue opgerig het, moet elke suksesvolle applikant vir 'n terrein vir handels- of besigheidsdoeleindes die geboue of ander bouwerke wat vir sy bedryf of besigheid nodig is, op die handels- of besigheidsterrein oprig, maar geen geboue of bouwerke mag deur hom op genoemde terrein opgerig word nie, behalwe ooreenkomstig die planne en spesifikasies wat deur die Stadsraad goedgekeur is.

(*b*) Geen handelaar mag enige struktuur-veranderings aan enige geboue of toerusting op die terrein wat deur hom ge-okkupeer word, aanbring nie, of enige bykomende toerusting daarop aanbring nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Stadsraad.

SINDELIKHEID.

18. Elke handelaar moet alle redelike stappe doen ten einde te verseker dat sy plek ten alle tye in 'n skoon en sanitêre toestand verkeer en dat almal wat daar in diens gehou word, met inbegrip van homself, behoorlik sindelik is.

AANHOU VAN DIERE.

19. Geen handelaar mag enige dier, behalwe 'n kat, op die handelsterrein laat aanhou of herberg nie of toelaat dat so'n dier daar aangehou of geherberg word nie.

AANHOU VAN ONTVLAMBARE GOED.

20. Geen handelaar mag, sonder die toestemming van die Superintendent, hout of steenkool of paraffien of ander ontvlambare goed in 'n gebou op die handelsterrein laat hou of opberg of toelaat dat dit daar gehou of opgeberg word nie.

BESKADIGING VAN TERREIN OF PLEK.

21. (*a*) Geen handelaar mag die handelsterrein of 'n gebou of bouwerke wat daarop opgerig is, met inbegrip van vaste en los uitrustings, meubels en heinings, beskadig of toelaat dat dit beskadig word nie.

(*b*) Elke handelaar is ten opsigte van sodanige skade teenoor die Stadsraad aanspreeklik en moet tot die Stadsraad se bevrediging 'n versekeringspolis ter dekking van sodanige aanspreeklikheid uitneem en so'n polis aan hom oormaak.

VERBOD OP ONDERVERHURING.

22. Geen handelaar mag sy handelsterrein of 'n gebou daarop of 'n gedeelte van sodanige terrein of gebou sonder die skriftelike toestemming van die Stadsraad onderverhuur nie.

VERVREEMDING VAN HANDELSREGTE.

23. Geen handelaar mag sy handelsregte aan 'n ander persoon as iemand wat deur die Stadsraad goedgekeur is, vervreem nie.

KENNISGEWING VAN STAKING VAN HANDEL.

24. Indien 'n handelaar voornemens is om die onderneming te staak wat hy op 'n handelsterrein dryf, moet hy redelike kennis van sy voorneme aan die Stadsraad gee, terwyl die datum waarop hy dit gaan staak, in die kennisgewing aangegee moet word.

CANCELLATION OF AUTHORITY.

25. The Council shall be entitled to cancel the authority granted under rule 11 of this chapter to any trader for any one of the following reasons:—

(*a*) Where the trader absents himself from the trading site without good reason for a period of more than 60 days;

(*b*) Where the trader fails without good reason for a period of 60 days personally to manage the undertaking carried on by him on the site;

(*c*) where the trader dies or is declared of unsound mind by a competent court;

(*d*) where the estate of the trader is sequestrated as insolvent;

(*e*) where the trader has been convicted—

(i) of an offence against the laws regulating his trade or for the prevention of illicit dealing in or possession of precious metals, or precious stones or relating to the supply or possession of intoxicating liquor;

(ii) of a contravention of any of the provisions of the trading or licensing by-laws of the Council for the time being in force or of any of the provisions of this chapter."

✱ No. 1468.] [15 June 1951.

CIRCUITS.

Under and by virtue of the powers in me vested by sections *three* and *four* of the Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordinance No. 10 of 1903, Transvaal), as amended by section *eight* (4) of Act No. 54 of 1949, I do hereby give notice that the above Court will be held for the Districts of Lydenburg, Pilgrimsrest, Sabie, Nelspruit and Barberton.

And I do further direct and appoint that the said Circuit Courts shall be holden in the towns and on the dates and at the times set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Courts at any of the said places on the day fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

And I do further direct that any cases from the Districts of Lydenburg, Pilgrimsrest and Sabie which become ready for hearing while the court is sitting at Barberton may be heard at Barberton during the period the Court is sitting there.

G. J. MARITZ,
Judge President,
(Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa).

SCHEDULE.

Bushbuckridge, Tuesday, 3rd July, 1951.
Sabie (including Pilgrimsrest and Lydenburg), Friday, 6th July, 1951.

Nelspruit (including Sabie, Pilgrimsrest and Lydenburg), Tuesday, 10th July, 1951.

Barberton (including Nelspruit, Sabie, Pilgrimsrest and Lydenburg), Thursday, 12th July, 1951.

INTREKKING VAN MAGTIGING.

25. Die Stadsraad is geregtig om die magtiging wat ingevolge regulasie 11 van hierdie hoofstuk aan 'n handelaar verleen is, om enigeen van die volgende redes, in te trek:—

(*a*) Indien die handelaar sonder voldoende rede vir 'n tydperk van meer as sestig dae van die handelsterrein afwesig is.

(*b*) Indien die handelaar in gebreke bly om sonder voldoende rede vir 'n tydperk van sestig dae persoonlik die onderneming wat deur hom op die terrein gedryf word, te bestuur.

(*c*) Indien die handelaar sterf of deur 'n bevoegde hof ontoerekenbaar verklaar word.

(*d*) Indien die boedel van die handelaar as insolvente boedel gesekwestreer word.

(*e*) Indien die handelaar skuldig bevind is—

(i) aan 'n oortreding van die wette wat sy bedryf reël, of van die wette op die voorkoming van onwettige handel in of besit van edele metale of edelgesteentes, of op die verskaffing of besit van sterkdrank;

(ii) aan 'n oortreding van enigeen van die bepalings van die verordeninge van die Stadsraad ten opsigte van handel en lisensiëring, wat vir die oomblik van krag is, of van enigeen van die bepalings van hierdie hoofstuk.

✱ No. 1468.] [15 Junie 1951.

RONDGAANDE HOWE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *drie* en *vier* van die Superior Courts Criminal Jurisdiction Ordinance, 1903 (Ordonnansie No. 10 van 1903, Transvaal), soos gewysig by artikel *agt* (4) van Wet No. 54 van 1949, maak ek hierby bekend dat sittings van bogenoemde hof vir die distrikte Lydenburg, Pelgrimsrus, Sabie, Nelspruit en Barberton gehou sal word.

En verder beveel en gelas ek dat genoemde rondgaande howe sittings moet hou op die dorpe en op die datums en ure wat in bygaande Bylae vermeld word; met dien verstande dat, ingeval die regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om die sittings van die rondgaande howe op enigeen van genoemde plekke op die datum wat vir dié doel vasgestel is, te open, so'n sitting van die rondgaande hof geopen moet word op die dag waarop die Regter op so'n plek aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

En verder beveel ek dat sake wat van die distrikte Lydenburg, Pelgrimsrus en Sabie afkomstig is en vir verhoor in gereedheid gebring word terwyl die hof op Barberton sit, op Barberton verhoor mag word terwyl die hof daar sit.

G. J. MARITZ,
Regter-President,
(Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika).

BYLAE.

Bushbuckridge, Dinsdag, 3 Julie 1951.
Sabie (met inbegrip van Pelgrimsrus en Lydenburg), Vrydag, 6 Julie 1951.

Nelspruit (met inbegrip van Sabie, Pelgrimsrus en Lydenburg), Dinsdag, 10 Julie 1951.

Barberton (met inbegrip van Nelspruit, Sabie, Pelgrimsrus en Lydenburg), Donderdag, 12 Julie 1951.

✱ No. 1469.] [15 June 1951.

SOUTH AFRICAN POLICE.—PROMOTION.

His Excellency the Governor-General has been pleased o approve, in terms of section *five* of Act No. 14 of 1912, he undermentioned appointment in the South African ?olice with effect from the 18th June, 1951:—

As Deputy-Commissioner.

Chief Inspector William Butler Lansdell.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

✱ No. 1429.] [15 June 1951.

APPOINTMENT OF MEMBERS OF NATIONAL TRANSPORT COMMISSION.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *three* of the Transport (Co-ordination) Act, 1948 (Act No. 44 of 1948), as amended, to approve of the following appointments with effect from the 2nd December, 1950:—

(i) Willem Dixon Norval, as a member of the National Transport Commission and his designation as Commissioner for Road Transportation for the period ending on the 1st December, 1955;

(ii) Hartwell George Borcherds, as a member of the National Transport Commission for the period ending on the 1st December, 1955.

✱ No. 1496.] [15 June 1951.

APPOINTMENT OF ACTING COMMISSIONER FOR CIVIL AVIATION.

It is hereby notified for general information that the Minister of Transport has approved the appointment of Robert Samuel Brophy, Assistant Commissioner for Civil Aviation, as Acting Commissioner for Civil Aviation, during the absence on sick leave from the 21st May, 1951, of the Commissioner for Civil Aviation.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

✱ No. 1450.] [15 June 1951.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased in terms of section *one* of Act No. 2 of 1911, Crown Land Disposal (Execution of Deeds) Act, to delegate in favour of Henry Birrell in his capacity as Chief Superintendent (Works and Estates) of the South African Railways and Harbours, the power to execute and sign any Deed of Grant relating to the disposal of Crown Land vested in the Governor-General and held by the Government of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

✱ No. 1451.] [15 June 1951.

REGISTRATION AND SALE OF FERTILIZERS.—AMENDMENT OF REGULATIONS.

His Excellency the Governor-General has, under powers vested in him by section *twenty-three* of the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947), as amended, made the following amendments to the regulations set out in the Annexure to Government Notice No. 1156 of the 4th of June, 1948:—

1. Regulation 12 (1) of the regulations set out in the Annexure to Government Notice No. 1156 of 4th June, 1948, is hereby amended by the deletion

✱ No. 1469.] [15 Junie 1951.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE.—BEVORDERING.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *vyf* van Wet No. 14 van 1912, ondervermelde aanstelling in die Suid-Afrikaanse Polisie met ingang van 18 Junie 1951 goed te keur:—

As Adjunk-kommissaris.

Hoofinspekteur William Butler Lansdell.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

✱ No. 1429.] [15 Junie 1951.

AANSTELLING VAN LEDE VAN NASIONALE VERVOERKOMMISSIE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens artikel *drie* van die Wet op die Koördinering van Vervoer, 1948 (Wet No. 44 van 1948), soos gewysig, die volgende aanstellings met ingang van 2 Desember 1950, goed te keur:—

(i) Willem Dixon Norval as lid van die Nasionale Vervoerkommissie en hom as Padvervoerkommissaris aan te wys vir die tydperk eindigende 1 Desember 1955;

(ii) Hartwell George Borcherds as lid van die Nasionale Vervoerkommissie vir die tydperk eindigende 1 Desember 1955.

✱ No. 1496.] [15 Junie 1951.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE KOMMISSARIS VAN BURGERLUGVAART.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Vervoer die aanstelling van Robert Samuel Brophy, Assistent Kommissaris van Burgerlugvaart, as Waarnemende Kommissaris van Burgerlugvaart, tydens die afwesigheid van die Kommissaris van Burgerlugvaart met siekteverlof vanaf 21 Mei 1951, goedgekeur het.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEE, HAWENS EN LUGDIENS.

✱ No. 1450.] [15 Junie 1951.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *een* van Wet No. 2 van 1911, Kroonland Vervreemding (Inrigting van Akten) Wet, die bevoegdheid aan Henry Birrell in sy hoedanigheid van Hoofsuperintendent (werke en landgoed) van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, oor te dra om enige grondbrief met betrekking tot vervreemding van kroongrond onder beheer van die Goewerneur-generaal en gehou deur die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te verly en te teken.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

✱ No. 1451.] [15 Junie 1951.

REGISTRASIE EN VERKOOP VAN MISSTOWWE.—WYSIGING VAN REGULASIES.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie-en-twintig* van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947 (Wet No. 36 van 1947), soos gewysig, die volgende wysigings aangebring in die regulasies uiteengesit in die Aanhangsel tot Goewermentskennisgewing No. 1156 van 4 Junie 1948:—

1. Regulasies 12 (1) van die regulasies uiteengesit in die Aanhangsel tot Goewermentskennisgewing No. 1156 van 4 Junie 1948 word hiermee gewysig deur

of the words: "Phosforic oxide soluble in a 2 per cent. citric acid solution" and the substitution therefor of the words: "phosforic oxide soluble in a 2 per cent. citric acid solution plus $\frac{1}{3}$ of the difference between the total and citric acid soluble phosforic oxide".

2. Regulations 13 (1) (*a*) of the regulations set out in the Annexure to Government Notice No. 1156 of 4th June, 1948, is hereby amended by the deletion of paragraph (iii) thereof, and the substitution therefor of the following new paragraph:—

"(iii) three parts by weight of supers and two parts by weight of raw phosphate;".

✱ No. 1456.] [15 June 1951.

APPOINTMENT OF CONSUMER MEMBER.—LIVESTOCK AND MEAT INDUSTRIES CONTROL BOARD.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section 3 of the Livestock and Meat Control Scheme, published by Proclamation No. 265 of 1945, to approve of the appointment of Mrs. J. Mitchell-Hunter as consumer member of the Livestock and Meat Industries Control Board for a period of two years with effect from the 18th May, 1951.

✱ No. 1457.] [15 June 1951.

APPOINTMENT OF PRODUCER MEMBERS OF THE CHICORY CONTROL BOARD.

His Excellency the Governor-General has, under the powers vested in him by section 2 of the Chicory Control Scheme, published by Proclamation No. 335 of 1939, as amended, appointed the undermentioned persons as producer members of the Chicory Control Board for a period of two years with effect from the 19th May, 1951:—

(1) Mr. T. J. E. Marais.
(2) Mr. L T. Muller.
(3) Mr. J. C. Scheepers.
(4) Mr. S. A. Oosthuizen.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

✱ No. 1436.] [15 June 1951.

STANDARDS ACT, 1945.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by section *twenty-seven* of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, to amend the regulations made under the said Act and promulgated in Government Notice No. 1029 of 14th May, 1948, to the extent set out in the Annexure hereto.

ANNEXURE.

AMENDMENT TO REGULATIONS UNDER STANDARDS ACT, 1945.

Sub-regulation (1) of regulation 2 is hereby repealed and the following sub-regulations (1) and (2) substituted therefor; the existing sub-regulations (2) and (3) becoming sub-regulations (3) and (4):—

"(1) (*a*) Applicants for permits shall pay the Council on application an initial fee of £10 free of bank exchange in respect of each permit applied for. This initial fee shall be known as the application fee.

(*b*) The application fee shall accompany the application for a permit.

(*c*) The application fee will not be refunded whether the application is successful or otherwise.

die volgende woorde „fosforoksied wat in 'n tweepersent-sitroensuuroplossing oplosbaar is" te skrap, en dit te vervang met die woorde „fosforoksied wat in 'n tweepersent-sitroensuuroplossing oplosbaar is plus $\frac{1}{3}$ van die verskil tussen die totale fosforoksied en dié wat in 'n sitroensuur oplosbaar is",.

2. Regulasie 13 (1) (*a*) van die regulasies uiteengesit in die Aanhangsel tot Goewermentskennisgewing No. 1156 van 4 Junie 1948 word hiermee gewysig deur paragraaf (iii) daarvan te skrap, en te vervang met die volgende nuwe paragraaf:—

„(iii) drie dele, volgens gewig, supers en twee dele, volgens gewig, ru-fosfaat, bestaan".

✱ No. 1456.] [15 Junie 1951.

AANSTELLING VAN VERBRUIKERSLID.—RAAD VAN BEHEER OOR DIE VEE- EN VLEISNYWERHEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 van die Vee- en Vleisreëlingskema, gepubliseer by Proklamasie No. 265 van 1945, mevr. J. Mitchell-Hunter as verbruikerslid van die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede vir 'n tydperk van twee jaar met ingang 18 Mei 1951, aan te stel.

✱ No. 1457.] [15 Junie 1951.

AANSTELLING VAN PRODUSENTELEDE VAN DIE SIGOREIBEHEERRAAD.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 van die Sigoreireëlingskema, afgekondig by Proklamasie No. 335 van 1939, soos gewysig, die volgende persone as produsentelede van die Sigoreibeheerraad vir 'n tydperk van twee jaar, met ingang 19 Mei 1951, aangestel:—

(1) Mnr. T. J. E. Marais.
(2) Mnr. I. T. Muller.
(3) Mnr. J. C. Scheepers.
(4) Mnr. S. A. Oosthuizen.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

✱ No. 1436.] [15 Junie 1951.

WET OP STANDAARDE, 1945.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sewe-en*-twintig van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, die regulasies uitgevaardig ingevolge genoemde Wet, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1029 van 14 Mei 1948 te wysig soos in die Aanhangsel hiervan gemeld.

AANHANGSEL.

WYSIGING VAN REGULASIES INGEVOLGE DIE WET OP STANDAARDE, 1945.

Subregulasies (1) van regulasie 2 word hierby herroep en deur onderstaande subregulasies (1) en (2) vervang; die bestaande subregulasies (2) en (3) word dan subregulasies (3) en (4):—

„(1) (*a*) Applikante om permitte moet die Raad by aansoek 'n eerste bedrag van £10, vry van bankkommissie, betaal ten opsigte van elke permit waarom aansoek gedoen word. Hierdie eerste bedrag staan bekend as die aansoekgeld.

(*b*) Die aansoekgeld moet die aansoek om 'n permit vergesel.

(*c*) Die aansoekgeld word nie terugbetaal nie, of die aansoek nou al slaag of nie.

(2) (*a*) Holders of permits shall pay the Council an annual fee in respect of each calendar year which, in respect of each such year, shall be based on the holder's production of the commodity as estimated by the holder for that calendar year, or for the balance of the calendar year remaining in the case of an application made subsequent to the first day of January, and which shall be assessed in accordance with the tariff set forth in the Schedule to these regulations.

(*b*) The annual fee based on the production of the commodity as estimated by the holder of the permit at the beginning of the year shall be regarded as the provisional annual fee and shall be adjusted at the end of the year in accordance with the actual production for that year. The holder of the permit shall submit on or before the thirty-first day of January of the ensuing year a sworn statement declaring his actual production for the preceding year. Any amount due by the holder of the permit to the Council as a result of such adjustment shall be paid not later than the twenty-eighth day of February of the ensuing year. Any amount due to the holder on adjustment shall be credited or refunded to him as he may indicate to the Council.

(*c*) The provisional annual fee shall be paid—

(i) in respect of the first year, immediately on notification being received by the applicant that his application for a permit has been successful, the issue of a permit being contingent upon the due payment of the provisional annual fee as assessed;

(ii) in respect of the second and subsequent years, on or before the thirty-first day of January of each year."

(2) (*a*) Houers van permitte moet die Raad 'n jaarlikse bedrag ten opsigte van elke kalenderjaar betaal, wat ten opsigte van elke sodanige jaar bereken word volgens die houer se produksie van die handelsartikel soos deur die houer vir dié kalenderjaar geraam, of vir die restant van die kalenderjaar in die geval van 'n aansoek wat na die eerste dag van Januarie gedoen is, en wat bereken word ooreenkomstig die tarief in die Bylae van hierdie regulasie vervat.

(*b*) Die jaarlikse bedrag bereken volgens die produksie van die handelsartikel, soos aan die begin van die jaar deur die houer geraam, word as die voorlopige jaarlikse bedrag beskou en aan die end van die jaar in ooreenstemming met die werklike produksie vir dié jaar verreken. Die houer van die permit moet voor of op die een-en-dertigste dag van Januarie van die daaropvolgende jaar 'n beëdigde verklaring indien waarin sy werklike produksie vir die vorige jaar opgegee word. 'n Bedrag wat die houer van die permit as gevolg van so 'n verrekening aan die Raad verskuldig is, moet betaal word nie later as die agt-en-twintigste dag van Februarie van die daaropvolgende jaar nie. 'n Bedrag wat by verrekening aan die houer verskuldig is, word volgens sy versoek aan die Raad aan hom gekrediteer of terugbetaal.

(*c*) Die voorlopige jaarlikse bedrag moet betaal word—

(i) ten opsigte van die eerste jaar, onmiddellik nadat die applikant 'n kennisgewing ontvang het dat sy aansoek om 'n permit geslaag het, en 'n permit word uitgereik op voorwaarde dat die voorlopige jaarlikse bedrag, soos bereken, behoorlik betaal is;

(ii) ten opsigte van die tweede en volgende jare voor of op die een-en-dertigste dag van Januarie van elke jaar."

DEPARTMENT OF HEALTH.

✱ No. 1453.] [15 June 1951.

THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.

AMENDMENT OF THE REGULATIONS RELATING TO NURSING AGENCIES MADE UNDER SECTION *FOUR* OF ACT No. 45 OF 1944, AS AMENDED BY ACT No. 12 OF 1946.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (2) of section *four* of the Nursing Act, 1944 (Act No. 45 of 1944), as amended, has approved of the amendment of the regulations relating to Nursing Agencies, made by the South African Nursing Council under paragraph (*l*) of sub-section (1) of section *four* of the said Act, and published under Government Notice No. 2094 of the 1st October, 1948, as amended by Notice No. 3055 of the 8th December, 1950, by—

(*a*) the insertion of the following paragraph at the end of Regulation 5:—

> Any person who is appointed to a vacant post of person in charge of a nursing agency who fails to notify the Council forthwith of her full names shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding ten pounds.

(*b*) the insertion of the following paragraph at the end of Regulation 6:—

> Any person who fails to comply with any provision of this regulation shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five ponds.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

✱ No. 1453.] [15 Junie 1951.

DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE VERPLEEGSTERSAGENTSKAPPE UITGEVAARDIG INGEVOLGE ARTIKEL *VIER* VAN WET No. 45 VAN 1944, SOOS GEWYSIG DEUR WET No. 12 VAN 1946.

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *vier* van die Wet op Verpleegsters, 1944 (Wet No. 45 van 1944), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die Regulasies betreffende Verpleegstersagentskappe, wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad kragtens paragraaf (*l*) van subartikel (1) van artikel *vier* van genoemde Wet opgestel en by Goewermentskennisgewing No. 2094 van 1 Oktober 1948, soos gewysig deur Kennisgewing No. 3055 van 8 Desember 1950, afgekondig is, deur—

(*a*) die byvoeging na die end van Regulasie 5 van die volgende paragraaf:—

> Iemand wat in 'n vakante betrekking van 'n persoon in beheer van 'n verpleegstersagentskap aangestel word en die Raad nie onverwyld van haar volle name voorsien nie, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tien pond.

(*b*) die byvoeging na die end van regulasie 6 van die volgende paragraaf:—

> Iemand wat aan enigeen van die voorskrifte van hierdie regulasie nie voldoen nie, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond.

(*c*) the insertion of the following paragraph at the end of Regulation 11:—

Any person who fails to comply with any provision of this regulation shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

✱ No. 1430.] [1 June 1951.

CHANGE OF NAME: SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937.—WRIGHT TO ALLEN.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Kenneth Arthur Wright, and his wife Frances Elizabeth Wright, residing at 244 Townsend Road, Bedfordview, Johannesburg, to assume the surname Allen.

✱ No. 1441.] [30 May 1951.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—"DIE VOLKSRUSTSE HOËRSKOOL."

It is hereby notified for general information, in terms of sub-section (1) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), that the Principal of "Die Volksrustse Hoërskool", Volksrust, has applied for the registration of the name and uniform of the institution. Any person affected, or likely to be affected, who desires to raise objections to the application may do so within three months of the date of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

Name.—"Die Volksruste Hoërskool."

Uniform.—

Colours.—On a black background, at intervals of two and five-eighths inches, alternative vertical lines in red and old gold, three-eighths inch in width.

✱ No. 1470.] [1 June 1951.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—READING COUNTRY CLUB.

It is hereby notified for general information, in terms of sub-section (1) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), that the Secretary of the Reading Country Club, Alberton, has applied for the registration of the name and badge of the association. Any person affected, or likely to be affected, who desires to raise objections to the application may do so within three months of the date of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

Name.—Reading Country Club.

Badge.—

Arms.—Sable, a bend between two leopards' faces or, on a chief argent a fasces, fessewise proper.

Crest.—In front of a leopard's head couped sable, a fasces or as in the arms.

Supporters.—On either side, a leopard proper, round the neck a collar or, pendent therefrom an escutcheon argent charged with a human head affronte proper, erased at the neck, ducally crowned or.

(*c*) die byvoeging na die end van regulasie 11 van die volgende paragraaf:—

Iemand wat aan enigeen van die voorskrifte van hierdie regulasies nie voldoen nie, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

✱ No. 1430.] [1 Junie 1951.

NAAMSVERANDERING: ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.—WRIGHT NA ALLEN.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Kenneth Arthur Wright en sy vrou, Frances Elizabeth Wright, woonagtig te Townsendweg 244, Bedfordview, Johannesburg, te magtig om die van Allen aan te neem.

✱ No. 1441.] [30 Mei 1951.

AANSOEK OM REGISTRASIE KRAGTENS DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—DIE VOLKSRUSTSE HOËRSKOOL.

Hierby word ingevolge subartikel (1) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), vir algemene inligting bekendgemaak dat die Prinsipaal van die Volksrustse Hoërskool, Volksrust, aansoek gedoen het om die registrasie van die inrigting se naam en uniform. Enigeen wat geraak word of moontlik geraak sal word en wat teen die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande met ingang van die datum van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

Naam.—Die Volksrustse Hoërskool.

Uniform.—

Kleure.—Op 'n swart agtergrond met tussenruimtes van twee en vyf-agste duim, alternatiewe vertikale rooi en ougoud strepe, drie-agste duim breed.

✱ No. 1470.] [1 Junie 1951.

AANSOEK OM REGISTRASIE KRAGTENS DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—„READING COUNTRY CLUB."

Kragtens subartikel (1) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Sekretaris van die „Reading Country Club", Alberton, om registrasie van die vereniging se naam en wapen aansoek gedoen het. Enigeen wat geraak word of moontlik geraak sal word en wat teen die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande met ingang van die datum van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

Naam.—„Reading Country Club."

Wapen.—

Wapenskild.—Swart, 'n balk tussen twee luiperds se gesigte (in goudkleur); op 'n silwer hoof, 'n bylbondel in die vorm van 'n dwarsbalk, in natuurkleur.

Helmteken.—Voor 'n swartgespikkelde luiperdkop, 'n goudkleurige bylbondel soos op die wapenskild.

Skilddraers.—Aan elke kant, 'n luiperd in natuurkleur met 'n goue kraag om die nek, waaraan 'n silwer skild hang, met 'n mensekop met goue hertogkroon daarop, wat reg na voor kyk en by die hals afgekap is.

✱ No. 1471.] [6 June 1951.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—THE INCORPORATED INSTITUTE OF SECRETARIES OF SOUTH AFRICA.

It is hereby notified for general information, in terms of sub-section (1) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), that the Secretary, The Incorporated Institute of Secretaries of South Africa, Johannesburg, has applied for the registration of the name and special names of the institution. Any person affected, or likely to be affected, who desires to raise objections to the application may do so within three months of the date of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

Name.—The Incorporated Institute of Secretaries of South Africa.

Special Names.—

(1) Incorporated Secretary.
(2) F.I.S. (S.A.) (representing a Fellow of the Institute).
(3) A.I.S. (S.A.) (representing an Associate of the Institute).

✱ No. 1472.] [5 June 1951.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 75.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILLIS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publication to be indecent, obscene or objectionable:—

"TPYA" (all issues).

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944, all issues of the said publication are, therefore, prohibited from importation into the Union and any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any copy of the above-mentioned publication shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

✱ No. 1452.] [15 June 1951.

MILITARY TRAINING AND EXERCISE, SALDANHA BAY.

1. It is notified for information that firing practice seawards will be carried out by Coastal Artillery during Fortress Manning at Saldanha Bay on the dates and at the times stated below:—

23*rd June*, 1951, *at* 1000 *hours*.
Station practice from Noord Battery with 6 inch guns.

23*rd June*, 1951, *at* 1100 *hours*.
Station practice from Baviaans Battery with 6 inch guns.

26*th June*, 1951, *at* 0900 *hours*.
Five series fired at half charge from Noord Battery with 6-inch guns.

The series scheduled for 26th June are subject to weather conditions and may be cancelled, in which case they will take place on either the 27th or 28th June, 1951.

✱ No. 1471.] [6 Junie 1951.

AANSOEK OM REGISTRASIE KRAGTENS DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—„THE INCORPORATED INSTITUTE OF SECRETARIES OF SOUTH AFRICA."

Hierby word ingevolge subartikel (1) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), vir algemene inligting bekendgemaak dat die Sekretaris van „The Incorporated Institute of Secretaries of South Africa", Johannesburg, aansoek gedoen het om die registrasie van die inrigting se naam en spesiale name. Enigeen wat geraak word of moontlik geraak sal word en wat teen die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande met ingang van die datum van hierdie kennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

Naam.—„The Incorporated Institute of Secretaries of South Africa."

Spesiale name.—

(1) „Incoporated Secretary."
(2) „F.I.S. (S.A.) (representing a Fellow of the Institute)."
(3) „A.I.S. (S.A.) (representing an Associate of the Institute)."

✱ No. 1472.] [5 Junie 1951.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 75.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILLIS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasie onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

„TPYA" (alle uitgawes).

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag geen uitgawe van vermelde publikasie derhalwe in die Unie ingevoer word nie, en elkeen wat 'n eksemplaar van bovermelde publikasie verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou, of versprei of vertoon, pleeg ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel dié boete as dié gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.
15-22

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

✱ No. 1452.] [15 Junie 1951.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING, SALDANHABAAI.

1. Ter inligting word bekendgemaak dat skietoefening ter see gedurende vestingbemanning deur die Kusartillerie te Saldanhabaai gehou sal word op die datums en ure hieronder vermeld:—

23 *Junie* 1951 *om* 1000-*uur*.
Stasieoefening van Noordbattery af met 6-duimskanonne.

23 *Junie* 1951 *om* 1100-*uur*.
Stasieoefening van Baviaansbattery af met 6-duimskanonne.

26 *Junie* 1951 *om* 0900-*uur*.
Vyf sarsies met halfladings van Noordbattery af met 6-duimskanonne.

Die sarsies wat vir 26 Junie bepaal is, is onderworpe aan die weersomstandighede en mag dalk gekanselleer word. In daardie geval sal dit op òf 27 òf 28 Junie 1951 plaasvind.

2. Residents in the vicinities as stated in paragraph 1 above are warned to leave all windows open during firing practice.

3. The public is warned that it will be dangerous to enter the sea areas as specified in the Schedule hereto while firing practice is in progress.

4. All persons are warned against the danger of disobeying or disregarding notices issued pursuant to the terms hereof or any signals or orders by the Officer in Command or any member of safety patrols.

5. The Officer Commanding Cape Command, Cape Town, is appointed compensation officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at The Castle, Cape Town, not later than Saturday, 21st July, 1951.

SCHEDULE.

The sea areas enclosed by the imaginery lines joining the following points:—

North-western corner:	East 17° 52′ 00″	
	North 33° 03′ 30″	
North-eastern corner:	East 17° 56′ 35″	
	North 33° 03′ 30″	
South-eastern corner:	East 17° 56′ 35″	
	North 33° 09′ 20″	
South-western corner:	East 17° 52′ 00″	
	North 33° 09′ 20″	

DEPARTMENT OF LABOUR.

✱ No. 1431.] [15 June, 1951.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.

CONTINUOUS WORKING.

I, PAUL OLIVER SAUER, Acting Minister of Labour, hereby in terms of the proviso to paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *nineteen* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the manufacture of synthetic resins in the Magisterial District of East London as carried on by Poly Resin Products Limited of East London, to be an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

P. O. SAUER,
Acting Minister of Labour.

✱ No. 1432.] [15 June 1951.

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951.

PRINTING INDUSTRY.—PROPOSED DESIGNATION AND WITHDRAWAL OF TRADES AND PROPOSED PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

I, PAUL OLIVER SAUER, Acting Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended by Act No. 28 of 1951, on the recommendation of the National Apprenticeship Board and after consultation with the National Printing Industry Apprenticeship Committee, established for the Printing Industry in the Union of South Africa by Government Notice No. 922 of the 2nd June, 1923, hereby give notice that I propose to—

(i) amend in terms of sub-section (3) of section *sixteen* of the said Act, Government Notice No. 1984 of the 18th August, 1950, by deleting the trade of Paperbag machine minding (bag tackling);

2. Bewoners van die omgewing in paragraaf 1 genoem, word gewaarsku om alle vensters oop te hou terwyl die skietoefening plaasvind.

3. Die publiek word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die seegebied wat in die Bylae hiervan bepaal word, binne te gaan terwyl die skietoefening aan die gang is.

4. Almal word gewaarsku dat dit gevaarlik sal wees om die kennisgewings wat kragtens die bepalings hiervan uitgegee is, of die tekens of bevele van die bevelvoerder of 'n lid van 'n veiligheidspatrollie te verontagsaam.

5. Die Bevelvoerende Offisier Kommandement Kaap, Kaapstad, word kragtens die regulasies as kompensasie-offisier aangestel en eise moet voor of op Saterdag, 21 Julie 1951, by sy kantoor by Die Kasteel, Kaapstad, ingedien word.

BYLAE.

Die seegebied begrens deur die denkbeeldige lyne wat die volgende punte met mekaar verbind:—

Noordwestelike hoek:	17° 52′ 00″ Oos.	
	33° 03′ 30″ Noord.	
Noordoostelike hoek:	17° 56′ 35″ Oos.	
	33° 03′ 30″ Noord.	
Suidoostelike hoek:	17° 56′ 35″ Oos.	
	33° 09′ 20″ Noord.	
Suidwestelike hoek:	17° 52′ 00″ Oos.	
	33° 09′ 20″ Noord.	

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 1431.] [15 Junie 1951.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941.

ONAFGEBROKE WERK.

Ek, PAUL OLIVER SAUER, Waarnemende Minister van Arbeid, verklaar hierby ingevolge die voorbehoudsbepaling by paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *negentien* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die vervaardiging van sintetiese harpuis in die Magistraatsdistrik Oos-Londen soos uitgeoefen deur Poly Resin Products Limited van Oos-Londen, 'n bedrywigheid is waarin onafgebroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is.

P. O. SAUER,
Waarnemende Minister van Arbeid.

✱ No. 1432.] [15 Junie 1951.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 28 VAN 1951.

DRUKKERSBEDRYF.—VOORGENOME AANWYSING VAN BEDRYWE EN INTREKKING EN VOORGENOME VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.

Ek, PAUL OLIVER SAUER, Waarnemende Minister van Arbeid, handelende ingevolge die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig by Wet No. 28 van 1951, op aanbeveling van die Nasionale Vakleerlingraad en na raadpleging met die Nasionale Vakleerlingkomitee vir die Drukkersbedryf wat in die Unie van Suid-Afrika by Goewermentskennisgewing No. 922 van 2 Junie 1923 ingestel is, maak hierby bekend dat ek voornemens is om—

(i) Goewermentskennisgewing No. 1984 van 18 Augustus 1950, kragtens subartikel (3) van artikel *sestien* van die genoemde Wet te wysig deur die bedryf Kardoesmasjienbediening (kardoeslakwerk) te skrap;

(ii) designate, in terms of sub-section (1) of section *sixteen* of the said Act in the Union of South Africa, the trade of Machine minding (packaging) as a trade in the Printing Industry to which the provisions of the said Act in respect of apprenticeship shall apply;

(iii) prescribe, in terms of sub-section (2) of section *sixteen* of the said Act, in the Union of South Africa, the undermentioned conditions numbered 1 to 8 as conditions of apprenticeship in the proposed trade of Machine minding (packaging); and

(iv) prescribe, in terms of sub-section (2) of section *sixteen* of the said Act, that every employer of an apprentice employed in any of the trades mentioned in paragraph 9 below shall give such apprentice such practical training as is indicated in the column opposite the trades to which he is indentured.

CONDITIONS.

1. QUALIFICATIONS FOR COMMENCING APPRENTICESHIP.

Except in cases where exemption is granted by the Minister, the minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be 16 years and the passing of Std. VII.

2. PERIOD OF APPRENTICESHIP.

Except in cases where a reduction in the period is approved by the Minister, the period of apprenticeship shall be five years.

3. RATES OF WAGES.

(i) While serving their apprenticeship, apprentices in the areas specified, shall be paid at the following weekly rates of wages during the years of apprenticeship specified:—

(ii) die bedryf Masjienbediening (kardoesvervaardiging) kragtens subartikel (1) van artikel *sestien* van die genoemde Wet in die Unie van Suid-Afrika aan te wys as 'n bedryf in die Drukkersbedryf waarop die bepalings van die genoemde Wet van toepassing moet wees;

(iii) onderstaande voorwaardes, genommer 1-8, kragtens subartikel (2) van artikel *sestien* van die genoemde Wet voor te skryf as leervoorwaardes in die voorgenome bedryf, Masjienbediening (kardoesvervaardiging); en

(iv) kragtens subartikel (2) van artikel *sestien* van die genoemde Wet voor te skryf dat elke werkgewer van 'n vakleerling wat in diens is vir enigeen van die bedrywe wat in paragraaf 9 hieronder genoem word die vakleerling die praktiese opleiding moet verskaf wat aangedui word in die kolom teenoor die bedryf waarvoor hy ingeboek is.

VOORWAARDES.

1. VEREISTES OM MET VAKLEERLINGSKAP TE BEGIN.

Behalwe in gevalle waarin vrystelling deur die Minister verleen is, is die minimum ouderdom en onderwyskwalifikaseis om 'n begin met vakleerlingskap te maak, sestien jaar en die besit van die Std. VII-sersifikaat.

2. LEERTYD.

Behalwe in gevalle waarin 'n vermindering in die leertyd deur die Minister goedgekeur is, is die leertyd vyf jaar in al die aangewese bedrywe.

3. LOONSKAAL.

(i) Terwyl hulle in die leer is, moet vakleerlinge onderstaande weeklone in die genoemde gebiede gedurende die genoemde leertyd betaal word:—

	Area B. *Gebied B.*	Area C. *Gebied C.*	Area D. *Gebied D.*	Area E. *Gebied E.*	Area F. *Gebied F.*	Area G and Ga. *Gebied G en Ga.*	Area H. *Gebied H.*
	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.	s. d.
First year/*Eerste jaar*	20 0	22 0	23 4	25 0	27 0	29 0	31 0
Second year/*Tweede jaar*	27 0	29 0	31 0	34 0	35 0	39 0	40 0
Third year/*Derde jaar*	35 0	39 0	41 0	44 0	48 0	50 0	55 0
Fourth year/*Vierde jaar*	46 0	51 0	54 0	57 0	62 3	67 0	74 9
Fifth year/*Vyfde jaar*	57 6	63 3	67 0	71 9	77 9	83 6	89 3

(ii) If an employer and a prospective major apprentice, before entering into a contract of apprenticeship, agree that wages higher than those contained in sub-clause (i) of this clause shall be paid, such apprentice shall under such circumstances be paid at such higher rates of wages which shall be reflected in the contract.

4. CLASSIFICATION OF AREAS.

The areas mentioned in clause (3) shall be classified as follows:—

Area B.—The Province of the Cape of Good Hope, excluding those areas specified in Areas C, D, E and F.

Area C.—The municipal areas of Aliwal North and Burghersdorp and the Magisterial Districts of Barberton, Barkly East, Cradock, Dordrecht, Mossel Bay, Riversdale, George, Jansenville, Molteno and Steynsburg.

Area D.—The Municipal Areas of Grahamstown, Kingwilliamstown, Malmesbury, Queenstown and Worcester, and the Magisterial Districts of Caledon, Ceres, Heidelberg (Cape), Paarl, Robertson, Somerset West, Stellenbosch, Swellendam, Strand, Tulbagh, Umtata and Wellington.

Area E.—The Magisterial Districts of Bellville, the Cape, East London, Port Elizabeth, Simonstown, Uitenhage and Wynberg; Province of Natal, excluding the Magisterial District of Durban; Province of the Orange Free State, excluding the Magisterial Districts of Bloemfontein and Kroonstad; Province of the Transvaal, excluding the Magisterial Districts of Barberton, Benoni, Brakpan, Boksburg, Germiston, Groblersdal, Heidelberg, Nigel, Vereeniging, Johannesburg, Klerksdorp, Krugersdorp, Middelburg, Pietersburg, Potchefstroom, Pretoria, Bronkhorstspruit, Roodepoort, Springs, Standerton and Ventersdorp.

Area F.—The Magisterial Districts of Barkly West, Groblersdal, Hay, Herbert, Kimberley, Klerksdorp, Middelburg (Transvaal), Pietersburg, Potchefstroom, Standerton, Ventersdorp and Kroonstad.

Area G.—The Magisterial District of Durban.

Area Ga.—The Magisterial District of Bloemfontein.

Area H.—The Magisterial Districts of Benoni, Brakpan, Boksburg, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Bronkhorstspruit, Roodepoort, Springs and Vereeniging.

(ii) As 'n werkgewer en 'n voornemende meerderjarige vakleerling voordat hulle 'n vakleerlingskapkontrak sluit, ooreenkom dat lone betaal moet word wat hoër is as dié wat in subklousule (i) genoem word, moet die vakleerling onder die omstandighede die hoër loon, wat in die kontrak genoem moet word, betaal word.

4. INDELING VAN GEBIEDE.

Die gebiede genoem in klousule (3) word soos volg ingedeel:—

Gebied B.—Die Provinsie Kaap die Goeie Hoop, behalwe die gebiede in C, D, E en F genoem.

Gebied C.—Die munisipale gebiede Aliwal-Noord en Burghersdorp, the magistraatsdistrikte Barberton, Barkly-Oos, Cradock, Dordrecht, Mosselbaai, Riversdal, George, Jansenville, Molteno en Steynsburg.

Gebied D.—Die munisipale gebiede Grahamstad, Kingwilliamstown, Malmesbury, Queenstown, en Worcester en die magistraatsdistrikte Caledon, Ceres, Heidelberg (Kaap), Paarl, Robertson, Somerset-Wes, Stellenbosch, Swellendam, Die Strand, Tulbagh, Umtata en Wellington.

Gebied E.—Die magistraatsdistrikte Bellville, Die Kaap, Oos-Londen, Port Elizabeth, Simonstad, Uitenhage en Wynberg; Provinsie Natal, behalwe in die magistraatsdistrik Durban; Provinsie Oranje-Vrystaat, behalwe die magistraatsdistrikte Bloemfontein en Kroonstad; Provinsie Transvaal, behalwe die magistraatsdistrikte Barberton, Benoni, Brakpan, Boksburg, Germiston, Groblersdal, Heidelberg, Nigel, Vereeniging, Johannesburg, Klerksdorp, Krugersdorp, Middelburg, Pietersburg, Potchefstroom, Pretoria, Bronkhorstspruit, Roodepoort, Springs, Standerton en Ventersdorp.

Gebied F.—Die magistraatsdistrikte Barkly-Wes, Groblersdal, Hay, Herbert, Kimberley, Klerksdorp, Middelburg (Transvaal), Pietersburg, Potchefstroom, Standerton, Ventersdorp en Kroonstad.

Gebied G.—Die magistraatsdistrik Durban.

Gebied Ga.—Die magistraatsdistrik Bloemfontein.

Gebied H.—Die magistraatsdistrikte Benoni, Brakpan, Boksburg, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Bronkhorstspruit, Roodepoort, Springs en Vereeniging.

5. TECHNICAL EDUCATION.

(i) Except in cases where exemption is granted by the Minister, apprentices employed in any of the designated trades specified shall, with due diligence and application, attend classes for apprentices in the Printing Industry leading to the National Printers' Diploma issued by the Department of Education, Arts and Science in co-operation with the National Printing Apprenticeship Committee.

(ii) Apprentices shall attend such classes for the full period of apprenticeship or until the National Printers' Diploma has been obtained, whichever period is the shorter, but for not less than two years. Attendance at such classes shall be from the commencement of the school year next following the date of registration of the contract; provided that where such registration takes place within the first three months of the calendar year, the apprentice shall commence attending classes forthwith.

(iii) Except in cases where exemption is granted by the Minister, attendance at classes shall be for the number of hours per week shown hereunder for the specified designated trade whilst the courses for the certificates mentioned are being followed:—

Trade.	National Preliminary Certificate.	National Intermediate Certificate.	National Printers' Diploma.
Machine Minding (Packaging).....	6 hours	6 hours	6 hours

During the first three years of attendance not less than half the number of hours of attendance shall fall within normal working hours, or, where all the classes are held after working hours, the equivalent time off work shall be allowed the apprentice by the employer.

(iv) Except in cases where exemption is granted by the Minister, apprentices employed in areas where and in trades in respect of which, classes are not provided shall with due diligence follow the correspondence courses conducted by the Witwatersrand Technical College for apprentices in the Printing Industry leading to the Printers' Diploma issued by the Department of Education, Arts and Science in co-operation with the National Printing Apprenticeship Committee for the full period of apprenticeship or until the National Printers' Diploma has been obtained, whichever is the lesser period, but for not less than two years. Employers shall permit apprentices who are required to take such correspondence courses to study during working hours for at least half the time allotted to each subject each week.

(v) If in any particular centre there are insufficient facilities to enable an apprentice to take the full course leading to the National Printers' Diploma, he shall attend classes as are available and shall supplement such classes by correspondence courses conducted by the Witwatersrand Technical College as may be necessary to enable him to obtain the said Diploma. The provisions of sub-clauses (ii), (iii) and (iv) of this Clause shall *mutatis mutandis* apply in such cases.

6. PAYMENT OF CLASS OR COURSE AND EXAMINATION FEES.

Every apprentice who is required to attend or take any prescribed classes or courses or to take any prescribed examinations shall be liable to pay the fees therefor to the institution concerned; provided that—

(*a*) in the case of class or course fees, the employer shall advance such fees each calendar year to the institution concerned and shall deduct such amounts from the wages of the apprentice in instalments not exceeding 3s. per week; provided that, if the apprentice produces a certificate from the institution concerned that he has obtained a satisfactory diligence mark and possible class attendance both in his own time and during ordinary working hours of at least 75 per cent., or in the case of a correspondence course, satisfactorily completed at least 75 per cent. of the full number of papers during that calendar year, the sum so deducted shall be paid to the apprentice by the employer;

(*b*) the employer shall advance the fees for the said examinations on or before the 6th March in respect of examinations conducted in June and on or before the 1st July in respect of examinations conducted in November of each year for entries for the examinations which the apprentice is required to undergo and shall recover the amount of the fees advanced in respect of any subject in which the apprentice failed to pass by means of a deduction from the wages of the apprentice; the balance being not recoverable by the employer and being regarded as payment on behalf of the apprentice to discharge his liability to pay the said fees.

7. ADDITIONAL REMUNERATION.

Employers shall, in the circumstances set out hereunder pay to their apprentices who obtain the National Preliminary Certificate, the National Intermediate Certificate and the National Printers' Diploma issued to apprentices in the Printing Industry by the Department of Education, Arts and Science in co-opera-

5. TEGNIESE ONDERWYS.

(i) Behalwe in gevalle waarin vrystelling deur die Minister verleen is, moet vakleerlinge in diens in enigeen van die genoemde aangewese bedrywe klasse met die nodige vlyt en toewyding vir vakleerlinge bywoon in die drukkerbedryf wat lei tot die Nasionale Drukkersdiploma wat deur die Departement van Onderwys, kuns en Wetenskap, in medewerking met die Nasionale Vakleerlingskapkomitee vir die Drukkersbedryf, uitgereik word.

(ii) Vakleerlinge moet die klasse vir die volle leertyd bywoon of totdat die Nasionale Drukkersdiploma verkry is, watter tyd ook al die kortste is, maar vir minstens twee jaar. Bywoning van klasse moet plaasvind van die begin van die volgende skooljaar na die datum van registrasie van die kontrak; met dien verstande dat in geval registrasie binne die eerste drie maande van die kalenderjaar plaasvind, die vakleerling onmiddellik klasse moet begin bywoon.

